



Ark Blitz

Ken :
Eksodus 25:8

Liewe Ouers

God het ons spesiaal as sy woning gekies. Ons is vir Hom so kosbaar dat Hy sy Gees gestuur het om altyd by ons te wees .

Les 1 – ‘n WONING VIR DIE HEMELSE KONING

Maats lees: Eks: 25:8-9; 12:35-36; 31:1-11; 35:20-35; 36:3-7; 39:43; Joh 1:1-4

Die Here het op Sinai berg vir Moses wette en instruksies gegee oor hoe Sy volk moes lewe. Op die berg het die Here vir Moses nog ‘n opdrag gegee. Hierdie keer oor iets wat die volk moes bou. Eks 25:8 “**hulle moet vir My ‘n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon.**” Die Here, wat Koning van die hemel en die aarde is, wou ‘n spesiale woning hê sodat daar ‘n plek moes wees waarheen die Isrealiete kon gaan om vergifnis van hulle sondes te kry en om Hom te aanbid. Hierdie plek sou die Tabernakel wees: ‘n **Aardse woning vir die Hemelse Koning!** Die Here self was die argitek van sy spesiale huis. Daar op die berg het Hy self vir Moses die bouplanne gegee. “ Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou sal wys.” Eks 25:8. Die Here het vir Moses ‘n hele lys van dinge gegee waarmee die tabernakel gemaak moes word: goud, silver en brons, blou pers en bloedrooi wolstof, linne, bokhaar, gekleurde ramsvelle, gebreide velle en doringhout, olie vir die lampe en salfolie asook halfedelstene. Onthou die Isrealiete was in die woestyn! Waar sou hulle al hierdie dinge kry? Die Here het egter presies geweet. Reeds toe die volk na die 10de plaag uit Egipte weggetrek het, het Hy gesorg dat die Egiptenare aan Sy volk goed doen deur aan hulleoud, silver en klere te gee. Die Here het aan ‘n sekere man, Basaleël, uit die volk uitgekies om die grootste deel van die werk te doen. Deur die Heilige Gees het die Here hom slim en vaardig gemaak om enige werk te doen, van voorwerpe uit goud tot houtwerk. Die Here het vir Oholiab gekies om hom te help en saam het hulle ook ander vakmanne opgelei om God se spesiale woning te maak. Elke Israeliet kon na sy tent gaan en dit bring wat hy bereid was om te gee. Elkeen wat wou het gegee. Niemand was gedwing nie. Manne en vroue het gekom en gewillig borsspelde, oorbelle, ringe en ander goue voorwerpe gebring. Elkeen wat blou, pers of rooiwolstowwe en linne, bokhaar of rooigekleurde ramsvelle gehad het, het dit gebring. Die vroue wat mooi kon weef, het die lappe gebring, terwyl ander bokhaar gespin het. Ook silver, brons en doringhout is gebring. Almal het die goed wat hulle wou gee na Basaleë, Oholiab en die ander vakmanne gebring. Later was daar speul goed om die tabernakel te maak dat Moses oral in die kamp laat weet het dat niemand meer iets moes bring nie. Daar was mees as genoeg! Die groot werk aan die tabernakel het begin. Die Here se woning moes só gemaak word, dat die Isrealiete dit van een plek na die volgende kon vervoer soos hulle deur die woestyn trek. Wanneer hulle na ‘n nuwe plek moes trek, moes die hele tabernakel afgeslaan, vervoer en weer opgeslaan word. Basaleë, Oholiab en al die vakmanne wat deur die Heilige Gees gehelp is om te werk, het elkeen hul deel gedoen. Sommige het voorwerpe uit goud gemaak, terwyl party met hout en ander met materiaal gewerk het. Na ongeveer 6 maande se harde werk is die tabernakel voltooi. Moses het die werk bekyk en gesien dat alles presies gemaak is soos die Here beveel het. Toe het die manne gelukkig en bedank. Aan die begin van die volk se 2de jaar in die woestyn, op die 1ste dag van die 1ste maand, was alles gereed sodat die tabernakel opgeslaan kon word. Moses moes al die meubels wat vir die tabernakel gemaak was indra en elke ding op die regte plek sit. Uiteindelik was alles gereed en kon die Here intrek. ‘n Wolk het die tabernakel oordek en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul. God het op ‘n baie spesiale manier in sy huis ingetrek. Hy was in die wolk teenwoordig. God se teenwoordigheid was bedags in ‘n wolk en snags in ‘n vuur bo-oor die tabernakel. Die hele hemel en aarde behoort aan die Here – en tog het Hy in sy groot liefde besluit om op ‘n baie spesiale manier tussen Sy mense te kom woon. Hy wou naby hulle wees sodat hulle Hom kon leer ken en aanbid. Hy wou hê dat hulle altyd moes onthou dat Hy by hulle is. In die tabernakel wou Hy hulle ontmoet, daarom word dit ook die tent van ontmoeting genoem. Baie jare maak die Here steeds Sy woning by mense. Omdat Hy ons so liefhet, het Hy besluit om op ‘n nóg meer spesiale manier by mense te woon. **Joh 1:14 sê: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.”** God het sy eie Seun as ‘n mens na die aarde gestuur. Nadat Jesus se werk op aarde klaar was, het God sy Heilige Gees om by ons te wees. God maak Sy woonplek vandag in die lewens van Sy kinders deur die Heilige Gees. As jy Jesus as jou Verlosser van sondes aangeneem het, woon God in jou lewe deur die Heilige Gees. Dan word jy Sy woonplek of tabernakel. **1 Joh 4:13 “hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons : Hy het ons Sy Gees gegee.”**



Moses kry ‘n opdrag.



Hulle moet vir My ‘n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon.

GOD wil by MENSE woon



God self gee die bouplanne



God gebruik mense om sy woning te maak



Na 6 maande was die werk voltooi en God trek in sy woning in